

5 November

Skrifgedeelte: Daniël 1:1-21
Fokusgedeelte: Daniël 1:3-8

Lig in die stikdonker

Die aanslag van Babel was verskriklik! Jerusalem het gesteier en in elke opsig deurgeloop. God se dreigemente oor 'n ongehoorsame volk het 'n werklikheid geword. Die aanslag is verder gevoer met die plan om die jong ballinge só te breinspoel dat hulle die gewoontes en geloof van Babel aanneem.

Weerstand teen dié aanslag kom uit 'n onverwagse oord: vier tieners met Daniël as woordvoerder. Maar, wat kan kinders doen? Hoe kan hulle die gedekte tafel van die koning weier?

Daniël en sy vriende se voorneme het nie net goeie maniere geverg nie, maar bo alles 'n vaste vertrouwe op God. En dit nadat alle vastigheid van hulle weggeneem is. Wat hulle in die plek daarvan in Babel gekry het, was vol duiwelse lis. As kinders dit ooit moeilik gehad het, was dit nou! Maar is iets vir die Here onmoontlik?

Toe het God begin om die spot met Babel te dryf. Sy eerste oorwinning het Hy behaal juis deur dieselfde kinders waarmee Babel sulke groot planne gehad het!

God roep ook vandag nog kinders om geloofsantwoorde te gee op die eise van die lewe.

Sing: Psalm 105:2

Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)